SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA NUUS VIR SONDAG 19 September 2021

Goeie môre en welkom by die weeklikse nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, gelees deur _____ (jou naam, roepsein en QTH)

Die Suid-Afrikaanse Radioliga saai elke Sondag nuus bulletins in Afrikaans sowel as Engels om 08:15 en 08:30 Sentraal Afrika Tyd onderskeidelik uit op HF sowel as op verskeie BHF- en UHF-herhalers. Hierdie uitsendings word ook via Echolink herlei deur Johan, ZS6JPL. Die oudio bulletins kan afgelaai word vanaf die Liga webwerf by www.sarl.org.za, terwyl die teks bulletins by https://sarlnewsbulletin.wordpress.com/ afgelaai kan word. Om by die Mailchimp bulletin e-poslys aan te sluit, stuur 'n e-pos aan die SARL Sekretaris.

In die nuus vandag:

AMATEUR RADIO-AKTIWITEIT OP 24 SEPTEMBER

GEFOKUSDE FREKWENSIES

en

VAKATURE BY DIE QSL BURO

Bly ingeskakel vir meer inligting oor hierdie en ander interessante nuus items.

Ons begin vandag se bulletin met nuus van 'n stil sleutel:

Dit is met groot hartseer dat ons rapporteer dat die sleutel van Pam Momberg ZS1PAM/ZS6APT stil geraak het op Vrydag, 17 September 2021 as gevolg van Covid-19. Pam was een van ons aktiefste JD lede sedert sy in die 1970's op die lug gekom het. Sy was ook 'n stigterslid van die Centurion Amateurradioklub, ZS6CEN (voorheen Tak Verwoerdburg van die SARL) waar sy ook vir baie jare op die Klub se komitee gedien het. Pam was getroud met Jimmy, ZS6APS wie se sleutel in 2017 stil geraak het. Ons betuig ons innige meegevoel met die familie en vriende.

POUSE

Jy luister na nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga.

AMATEUR RADIO-AKTIWITEIT OP 24 SEPTEMBER

Erfenisdag en Nasionale Braai dag word elke jaar op 24 September gevier. Hierdie jaar op Vrydag 24 September vind drie amateur radio-aktiwiteite plaas so tussen die braaiery!

ZS90TVK en die Voortrekkers. Die Noord-Kaap Amateurradioklub en Voortrekkers van Kimberley, Kathu, Upington en Vryburg vier die 90ste verjaardag van die Voortrekker beweging met ZS90TVK vanaf 10:00 tot 15:00 SAT met 'n veldstasie by die Big Truck in Kathu op die N14. Kontak Gerhard, ZS3TG of Roy, ZS3RW vir meer inligting.

Erfenis op die Lug (HOTA). Radio Amateurs word aangemoedig om op 24 September aktief te wees vanaf historiese terreine. Die aktiwiteit duur van 08:00 tot 20:00 SAT met aktiveerders wat die ruit verwysing en die naam van die historiese plek gee. 'n Spesiale Aktiveerder-sertifikaat is beskikbaar vir die aktivering van tien (10) historiese terreine. Jagters moet twintig (20) historiese terreine kontak om in aanmerking te kom vir 'n spesiale Jagter-sertifikaat. Stuur jou MS Excel-logstaat na zs3vdk@webmail.co.za.

Die Lente ZS SOTA-aktiwiteits dag duur van 00:00 tot 23:59 SAT op Vrydag 24 September met aktiwiteite op alle amateur bande en modusse. Die uitruiling is 'n RS-, RST- of RSQ -verslag en die SOTA-verwysing. Jy kan deelneem as 'n aktiveerder of 'n jagter. Aktiveerders en jagter word versoek om hul logboeke na www.sotadata.org.uk/en/ op te laai en 'n afskrif van die logboek na srtyler@mweb.co.za te stuur om jou ZS-SOTA-sertifikaat op te eis. Die telling is nie meer relevant nie.

DIE TOKIO HAM UITSTALLING GEKANSELLEER

Die Japan Amateurradioliga (JARL) het die kansellasie van die 2021 Tokio Ham Uitstalling wat vir 2 en 3 Oktober geskeduleer is, aangekondig. "Ons was hoopvol om 2021 Ham Uitstalling te hê met moontlike voorkomende maatreëls teen COVID-19, maar 'n infeksie golf het hierdie somer ingekom," lui die aankondiging van Ken Yamamoto, JA1CJP. "Met inagneming van die erger as verwagte COVID-situasie, het JARL teësinnig besluit om die 2021 Ham Uitstalling te kanselleer. Ons hoop dat Tokio Ham Uitstalling in 2022 onder veiliger omstandighede kan terugkeer."

GEFOKUSDE FREKWENSIES

As amateur radio operateurs is ons gelukkig met 'n wye reeks frekwensietoewysings. Die meeste ander dienste is beperk tot een band. Amateur radio strek van 135 kHz tot in die lig - letterlik. Die meeste aktiwiteite vind plaas tussen 160 meter en 23 sentimeter, wat altesaam 136 MHz spektrum vorm. In hierdie wye omvang het amateur aktiwiteite gegroei tot GG, AM, SSB, RTD, PSK31, ATV, SSTV, kompetisies, DX, satelliete, AMA, ARISS, vos-jag, herhalers, nood kommunikasie en lekker gesels om maar 'n paar te noem. Dit sou vir ons almal onmoontlik wees om al hierdie aktiwiteite te geniet sonder om 'n struktuur aan ons bande te gee buite die ICASA-vereistes.

Ons basiese bande word bepaal deur die Internasionale Telekommunikasie-unie Radio Regulasies, die Wet op Elektroniese Kommunikasie van 2005 (Wet 36 van 2005) en die Nasionale Radio Frekwensie plan. Die SARL is lid van Streek 1 (Afrika, Europa, die Midde-Ooste en Noord-Asië) van die Internasionale Amateur Radio-unie (IARU) en tydens die drie jaarlikse algemene konferensies, bespreek die Permanente HF (C4) en BHF/UHF (C5) komitees die toekennings en band planne vir gebruik deur Lid lande in Streek 1.

'n Venster in die amateur bande verwys na 'n klein frekwensie bestek waar, in onderlinge ooreenkoms, 'n sekere tipe aktiwiteit plaasvind. Byvoorbeeld,

ongeveer 3,700 MHz is daar saans musikale uitsendings. Die Maritieme Mobiele Net vergader op 7,120 MHz en 14,316 MHz en nood kommunikasie is rondom 3,760; 5,410; 7,110; 14 300; 18 160, 21 360, 145 500 en 145 700 MHz gesentreer.

Ons het ook senters van Aktiwiteit wat spesifieke frekwensies is op elke band waar sekere aktiwiteite gekonsentreer is. Byvoorbeeld, 5,370 MHz is die algemene roep frekwensie op 5 meter en 5,390 MHz is die senter van Aktiwiteit vir SOTA, POTA, WAGS, ens. Op 40 meter is 7,030 MHz die GG QRP Senter van Aktiwiteit en 7,090 is die ESB QRP Senter van aktiwiteit. Vir SSTV op 20 meter is die SoA 14,230 MHz en daar is sekere aktiwiteite wat op elke band toe wysing verskyn. Soos met die DX-venster, is die roep frekwensies slegs bedoel om amateurs met soortgelyke belangstellings met mekaar te verbind. Die roep frekwensie moet nie vir lang kontakte gebruik word nie. As jy eers met 'n ander amateur kontak gemaak het, skuif van die roep frekwensie weg. Geen amateur moet die frekwensie vir 'n lang tydperk "oorneem" nie!

Jy luister na nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga.

VAKATURE BY DIE QSL BURO

Willem Weideman, ZS6X, het die Raad meegedeel dat hy na 19 jaar as QSL-bestuurder wil uittree. Willem sê hy sal die nuwe QSL-bestuurder oplei. Johan van Aarde, ZS2I in Mosselbaai, wat met die ZS1, ZS2 en ZS5 QSL-kaarte te doen gehad het, het ook gesê dat hy uittree nadat hy Covid op gedoen het.

Daarom is daar 'n vakature as SARL QSL-bestuurder by die National Amateur Radio Sentrum. Ook vakatures vir Afdelings QSL-bestuurders vir ZS1, ZS2, ZS5 en die vier ZS6-provinsies. Dennis, ZS4BS hanteer kaarte vir ZS3 en ZS4. As jy belangstel om te help met die SARL QSL-stelsel, kontak die SARL-sekretaris op secretary@sarl.org.za.

AMSAT NA SKUIF NA VIRTUELE FORMAAT VIR 2021 SIMPOSIUM EN JAARVERGADERING

Die AMSAT NA 39ste Ruimtesimposium en jaarvergadering, beplan as 'n persoonlike geleentheid, is nou 'n virtuele geleentheid op Saterdag 30 Oktober weens die langdurige gevolge van die COVID-19-pandemie. Dit is 'n geleentheid vir amateur-radio-in-ruimte-entoesiaste van regoor die wêreld om meer te wete te kom oor AMSAT se strategiese plan, die GOLF-program, die CubeSat Nabootser en ander opwindende ontwikkelings in die amateur satelliet wêreld.

AMSAT NA bied van 14:00 tot 22:00 UTC op 20 Saterdag 30 Oktober sy AMSAT virtuele Ruimtesimposium en algemene jaarvergadering via Zoom aan. Dit sal gratis aan die algemene publiek op AMSAT se YouTube-kanaal beskikbaar wees. Die geleentheid bestaan uit 'n kombinasie van vooraf opgeneemde video segmente en lewendige vraag-en-antwoord-sessies.

HF VOORTPLANTINGSVOORSPELLING

Hannes Coetzee, ZS6BZP, berig dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak laag gaan wees. Tans is daar 'n enkele sonvlek sigbaar en daar is 'n moontlikheid van

geringe sonfakkels. Diegene wat hulle eie frekwensie voorspellings wil doen, kan 'n verwagte effektiewe sonvlektelling van 3 vir die week gebruik. Radio amateurs kan vroeg oggend en laat middag goeie DX openinge op die 15 tot 30 m bande verwag. Besoek gerus die webtuiste spaceweather.sansa.org.za vir meer inligting.

Nou die dagboek van gebeure vir die volgende paar weke:

21 September - die PEARS en Grens ARK vergaderings

22 September - die Lente dag en nagewening om 21:21 SAT

24 September - Erfenis- en Nasionale Braai dag; die ZS SOTA Lente aktiwiteits dag, ZS90TVK en die Voortrekkers, Erfenis op die Lug en registrasie vir die Oktober RAE sluit

25 September - die CTARS vergadering

25 en 26 September - die CQ WW RTD kompetisie

26 September - die ZS1 Naelloop

28 September - die Secunda ARK vergadering

1 Oktober - die provinsiale skole sluit

2 Oktober - die Oos-Randse Snuffelmark

2 en 3 Oktober - die ADV AM Buis QSO Partytjie en die ADV ESB Buis QSO Partytjie

7 Oktober - die SARL 80 m QSO Partytjie

11 Oktober – die provinsiale skole open

Om die bulletin mee af te sluit, 'n opsomming van ons hoof berig:

Erfenisdag en Nasionale Braai Dag word jaarliks op 24 September gevier. Hierdie jaar op Vrydag 24 September vind drie amateur radio aktiwiteite plaas. Luister uit vir ZS90TVK en die Voortrekkers vanaf Kathu, amateurs wat erfenisterreine aktiveer en ander amateurs wat pieke vir SOTA aktiveer.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin.

Die Suid-Afrikaanse Radioliga se nuus diens nooi klubs en individue uit om nuus brokkies van belang vir radio amateurs en kortgolf luisteraars in te dien. Plaas nuus berigte indien moontlik, in beide Engels en Afrikaans op die Suid-Afrikaanse Radioliga webtuiste onder die 'news inbox' skakel nie later as die Donderdag wat die bulletin datum vooraf gaan nie.

Luister elke Sondag oggend om 10:00 Sentraal Afrika Tyd na "Amateur Radio Today." Daar is herleiding op 7 082 kHz laer syband deur Louis, ZS5LP en verskeie herleidings op BHF en UHF frekwensies regoor Suid-Afrika. 'n Heruitsending aangebied deur Andy ZS6ADY vind op Maandae aande om 19:30 Sentraal Afrika Tyd op 3 620 kHz plaas.

Ons ontvang graag jou sein rapporte, kommentaar en voorstelle, stuur 'n e-pos aan artoday@sarl.org.za.

Jy het geluister na 'n nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, geskryf deur Andy Cairns, ZS6ADY, geproeflees deur Vivian Dold, ZS6VD en gelees deur .....

Van die Nuusspan, die beste wense vir die week vorentoe.